- (b) inform or explain to a complainant or a witness any concept or question in a manner appropriate to his or her form of vulnerability, age, maturity and stage of development if the complainant or the witness is a child, or a person's intellectual disability;
- (c) give enough detail so that a complainant or a witness understands the information conveyed to him or her;
- (d) allow sufficient time so that a complainant or a witness can absorb the information conveyed to him or her;
- (e) elicit responses from a complainant or a witness by asking questions in order to ensure that he or she understands the information conveyed to him or her;
- (f) ensure that the atmosphere is conducive to participation by a complainant or a witness; and
- (g) be sensitive to the needs of a complainant or a witness and the fact that he or she may be confused and may be experiencing anxiety and may feel intimidated.

CHAPTER VII MISCELLANEOUS

Sitting of designated court on part-time basis

26. Where the case load of a designated court does not require that the court sits on a daily basis, the relevant Regional Court President or Judge President, as the case may be—

- (a) determines how often or on which days such court must sit; and
- (b) ensures that sexual offence cases are timeously heard, in accordance with section 8(4)(b) of the Superior Courts Act, 2013 (Act No. 10 of 2013).

Short title

27. These Regulations are called the Regulations relating to Sexual Offences Courts, 2020.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 108

07 FEBRUARIE 2020

**WYSIGINGSWET OP DIE STRAFREG (SEKSUELE MISDRYWE EN VERWANTE
AANGELEENTHEDE), 2007****REGULASIES BETREFFENDE HOWE VIR SEKSUELE MISDRYWE**

Die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste het, kragtens artikel 67, gelees met artikel 55A van die Wysigingswet op die Strafreë (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007) en na oorleg met die Minister van Veiligheid en Sekuriteit, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Minister van Gesondheid en die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, die Regulasies in die Bylae gemaak.

**BYLAE
KLASSIFIKASIE VAN REGULASIES****HOOFSTUK I
WOORDOMSKRYWINGS EN TOEPASSING**

1. Woordomskrywings
2. Toepassing

**HOOFSTUK II
VEREISTES VIR AANGEWEESE HOF**

3. Vereistes vir aangewese hof

**HOOFSTUK III
FASILITEITE**

4. Vereiste fasiliteite
5. Algemene vereistes aangaande fasiliteite
6. Toegang tot fasiliteite
7. Gebruik van fasiliteite
8. Wag area
9. Getuienisvertrek
10. Hofvoorbereidingskamer en konsultasiekamer

**HOOFSTUK IV
TOESTELLE EN TOERUSTING**

11. Toestelle en toerusting vir getuienisvertrek
12. Toestelle en toerusting vir hofsaal
13. Bedryf en herstel van elektroniese toestelle in getuienisvertrek en hofsale
14. Anatomiese poppe

HOOFSTUK V DIENSTE

15. Vereistes aangaande hofvoorbereidingsprogram
16. Personeel en regterlike trauma-ontlonting
17. Tolkdienste
18. Tussengangersdienste vir getuies
19. Dienste deur hofondersteuners gelewer

HOOFSTUK VI SPESIALE MAATREËLS VIR VERHORE

20. Gebaretaaltolke
21. Regshulp-praktisyns
22. Afhandeling van seksuele misdryf sake
23. Klagtemeganismes vir getuies
24. Vervoer van aangeklaagdes na aangewese hof
25. Wyse van hantering van klaers en getuies

HOOFSTUK VII DIVERSE

26. Sitting van aangewese hof op deeltydse grondslag
27. Kort titel

HOOFSTUK I WOORDOMSKRYWINGS EN TOEPASSING

Woordomskrywings

1. In hierdie Regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet toegeskryf is daardie betekenis en, tensy dit uit die samehang anders blyk—

"aangewese hof" 'n hof vir seksuele misdrywe ingestel by aanwysing deur die Minister ingevolge artikel 55A(1) van die Wet;

"aanklaer" 'n aanklaer in 'n seksuelemisdryfsaak;

"die Wet" die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007);

"getuie" 'n getuie vir die Staat in 'n seksuelemisdryfsaak, met uitsondering van 'n klaer;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"hofondersteuner" 'n persoon in diens van 'n organisasie sonder winsoogmerk, geregistreer ingevolge die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet No. 71 van 1997), aanspreeklik aan die Provinsiale en Plaaslike Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling wat 'n vrywillige diens lewer aan klaers en getuies in seksuelemisdryfsake soos in regulasie 19 beoog;

"hofvoorbereidingsbeampte" die bekleër van 'n pos—

(a) van hofvoorbereidingsbeampte; en

(b) waar van toepassing, hofvoorbereidingsbestuurder,

wat op die diensstaat van die nasionale vervolgingsgesag geskep is;

"hofvoorbereidingsprogram" die hofvoorbereidingsprogram in regulasie 15 na verwys;

"Legal Aid South Africa Act" die "Legal Aid South Africa Act", 2014 (Wet No. 39 van 2014);

"maatskaplike werker" 'n persoon kragtens artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Werk, 1978 (Wet No. 110 van 1978), as 'n maatskaplike werker geregistreer;

“Nasionale Vervolgingsgesag” die nasionale vervolgingsgesag in artikel 179 van die Grondwet beoog;

“ouer persoon” ’n ouer persoon soos omskryf in artikel 1 van die “Older Persons Act”, 2006 (Wet No. 13 van 2006);

“seksuele misdryf” enige misdryf na verwys in artikel 1 van die Wet in die woordomskrywing van 'seksuele misdryf hof;

“slagofferbystandsbeampte” die bekleër van ’n pos van slagofferbystandsbeampte geskep op die diensstaat van die Nasionale Vervolgingsgesag en verbonde aan ’n Thuthuzela-sorgsentrum;

“slagofferimpakverklaring” ’n vrywillige skriftelike verklaring, gefasiliteer deur die hofvoorbereidingsbeampte of die slagofferbystandsbeampte, deur—

(a) ’n klaer;

(b) ’n persoon wat by wet gemagtig is om ’n verklaring namens ’n klaer te maak;

(c) ’n familielid van die klaer deur die klaer gemagtig; of

(d) enige ander persoon deur die klaer gemagtig,

aangaande die emosionele, fisieke, sielkundige, ekonomiese of enige ander uitwerking van die seksuele misdryf op hom of haar;

“slagofferimpakverslag” ’n verslag deur ’n maatskaplike werker met ’n assessering van die uitwerking van ’n seksuele misdryf op die klaer;

“Strafproseswet” die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977);

“Thuthuzela-sorgsentrum” die multidissiplinêre eenstopsentrum vir verkrachtingsorgbestuur, asook ander seksuele misdrywe, ingestel deur die Nasionale Vervolgingsgesag en deur tersaaklike belanghebbendes ondersteun; en

“tussenganger” ’n persoon ingevolge artikel 170A(1) van die Strafproseswet aangestel;

Toepassing

2. Hierdie Regulasies is op ’n aangewese hof van toepassing.

HOOFSTUK II VEREISTES VIR AANGEWESSE HOF

Vereistes vir aangewese hof

3. (1) ’n Aangewese hof moet—
 - (a) die fasiliteite hê waarvoor in Hoofstuk III voorsiening gemaak word;
 - (b) die toestelle en toerusting hê waarvoor in Hoofstuk IV voorsiening gemaak word;
 - (c) die dienste waarvoor in Hoofstuk V voorsiening gemaak word, lewer; en
 - (d) voortgaan in ooreenstemming met die vereistes in Hoofstuk VI uiteengesit.
- (2) Subregulasie (1) sluit ’n aangewese hof nie uit van die hantering van ’n seksuele misdryfsaak nie indien die hof, ná aanwysing, nie voldoen aan enige van die vereistes in subregulasie (1) bedoel nie, hangende die resultaat van die stappe wat ingevolge subregulasie (4) gedoen word.
- (3) Dit is die verantwoordelikheid van al die beapptes en persone wat by ’n aangewese hof werk om nievoldoening aan ’n vereiste in subregulasie (1) bedoel, skriftelik aan die beampte, persoon of instelling verantwoordelik vir die oplossing van die probleem wat nienakoming veroorsaak te rapporteer sodra hy of sy bewus word van die probleem wat nienakoming veroorsaak.

(4) Die hofbestuurder moet verseker dat die beampte, persoon of instelling wat die verslag bedoel in subregulasie (3) ontvang, onmiddellike stappe doen om nakoming aan die betrokke vereiste te verseker.

(5) Nienakoming aan enige vereiste in subregulasie (1) bedoel, maak nie enige verrigtinge, of enige deel daarvan, ongeldig nie.

HOOFSTUK III FASILITEITE

Vereiste fasiliteite

4. 'n Aangewese hof moet ten minste die volgende fasiliteite hê:
- (a) 'n Wagarea vir klaers, soos in regulasie 8 voor voorsiening gemaak;
 - (b) 'n getuienisvertrek soos in regulasie 9 voor voorsiening gemaak;
 - (c) 'n hofvoorbereidingsvertrek soos in regulasie 10 voor voorsiening gemaak; en
 - (d) 'n konsultasievertrek, vir die aanklaer om met 'n klaer te konsulteer, soos in regulasie 10 voor voorsiening gemaak.

Algemene vereistes aangaande fasiliteite

5. (1) Die fasiliteite in regulasie 4 bedoel en die ruskamers wat deur die klaers gebruik moet word, moet kindvriendelik wees.

(2) Die fasiliteite in regulasie 4 bedoel, die hofsaal en die ruskamers wat deur die klaers gebruik moet word, moet—

- (a) toeganklik wees vir persone met gestremdhede en hulle bystandstoestelle akkommodeer; en
- (b) in die behoeftes van ouer persone voorsien.

(3) Die gidshonde wat deur klaers, en tot die mate wat dit van toepassing is, getuies, met gesiggestremdhede, gebruik word, moet in die fasiliteite bedoel in subregulasie (2) toegelaat word.

(4) Die hofbestuurder moet verseker dat daar behoorlike aanwysings is van die ligging van die fasiliteite bedoel in regulasie 4, die hofsaal en die ruskamers wat die klaers moet gebruik.

(5) Die hofbestuurder moet verseker dat die fasiliteite in regulasie 4 bedoel, die hofsaal en die ruskamers wat deur die klaers gebruik moet word, toegewys word, beskikbaar is, gemeubileer is en in stand gehou word soos ingevolge hierdie Regulasies vereis.

(6) Die hofbestuurder moet, met inagneming van die ontwerp en uitleg van en spasie beskikbaar by 'n aangewese hof, in verband met die fasiliteite in regulasie 4 bedoel en die ruskamers wat die klaers moet gebruik, die nodige reëlins tref of die nodige maatreëls in plek stel om te verseker dat klaers nie met die aangeklaagde of enige persoon wat met die aangeklaagde geassosieer word, in fisiese aanraking kom nie.

Toegang tot fasiliteite

6. 'n Hofvoorbereidingsbeampte, 'n slagofferbystandsbeampte, die hofbestuurder of 'n gepaste beampte aangewys deur die hofbestuurder, moet 'n klaer na en van enige van die fasiliteite in regulasie 4 bedoel, na en van die hofsaal en na en van die ruskamers wat deur klaers gebruik moet word, vergesel ten einde sover moontlik te voorkom dat die klaer in fisiese aanraking kom met die aangeklaagde of deur die aangeklaagde of enige ander persoon wat met die aangeklaagde geassosieer word, geïntimideer word.

Gebruik van fasiliteite

7. (1) (a) Die wagarea in regulasie 4(a) bedoel is vir die uitsluitlike gebruik van klaers en die persone wat hulle ondersteun, tot die mate wat hierdie persone geakkommodeer kan word: Met dien verstande dat voorkeur aan klaers gegee moet word as die spasie in die wagarea beperk is.

(b) Die hofbestuurder of 'n beamppte deur hom of haar aangewys, moet, waar 'n klaer nie in die wagarea geakkommodeer kan word nie, 'n area aanwys waar hy of sy kan wag.

(c) 'n Hofvoorbereidingsbeamppte, 'n slagofferbystandsbeamppte, die hofbestuurder of 'n gepaste beamppte deur hom of haar aangewys, moet 'n klaer bedoel in paragraaf (b), na die aangewese area vergesel.

(2) 'n Hofvoorbereidingsbeamppte, 'n slagofferbystandsbeamppte, 'n hofbestuurder of 'n beamppte deur die hofbestuurder aangewys, moet—

(a) verseker dat geen persoon behalwe diegene in subregulasie (1)(a) bedoel, die wagkarea of 'n aangewese area bedoel in subregulasie (1)(b) gebruik nie; en

(b) enige persoon wat nie gemagtig is om enige van die areas in paragraaf (a) na verwys, te gebruik nie, gelas om die area onmiddellik te verlaat.

(3) (a) Wanneer 'n klaer of 'n getuie getuienis lewer in 'n getuienisvertrek en indien 'n tussenganger aangestel is, moet hy of sy—

(i) verseker dat geen persoon wie se teenwoordigheid nie in die getuienisvertrek benodig word nie, binne is of die getuienisvertrek binnekom nie; en

(ii) enige ongemagtigde persoon wat binne is of die getuienisvertrek binnekom, beveel om die getuienisvertrek onmiddellik te verlaat.

(b) Indien 'n klaer of 'n getuie getuienis lewer in 'n getuienisvertrek en indien 'n tussenganger nie aangestel is, moet die hofbestuurder of 'n persoon deur hom of haar aangewys—

(i) verseker dat geen persoon wie se teenwoordigheid nie in die getuienisvertrek benodig word nie, binne is of die getuienisvertrek binnekom nie; en

(ii) enige ongemagtigde persoon wat binne is of die getuienisvertrek binnekom, beveel om die getuienisvertrek onmiddellik te verlaat.

Wagarea

8. (1) Die wagarea in regulasie 4(a) bedoel—

(a) moet op 'n wyse gemeubileer wees wat dit toeganklik vir volwassenes, persone met gestremdhede en kinders maak;

(b) moet op 'n wyse gemeubileer wees wat verseker dat klaers so gemaklik as moontlik is;

(c) moet behoorlike en effektiewe ventilasie hê; en

(d) moet water vir die klaers en persone wat hulle ondersteun beskikbaar hê.

(2) Die wagarea in regulasie 4(a) bedoel, moet met die volgende in gedagte gemeubileer word:

(a) Die verskillende ouderdomme van klaers wat die fasiliteit mag gebruik;

(b) persone wat klaers ondersteun mag ook 'n wagarea gebruik; en

(c) klaers mag nodig hê om lank in die wagarea te wag.

(3) Die hofbestuurder moet verseker dat in die wagarea in regulasie 4(a) bedoel—

- (a) inligting beskikbaar is wat toeganklik is aan persone met gestremdhede, kinders en ouer persone, oor—
 - (i) hofprosedures, die rol van 'n klaer en 'n getuie, getuiegelde betaalbaar aan klaers en getuies en enige ander tersaaklike hofdiens; en
 - (ii) die wyse waarop toegang tot ondersteuningsdienste aan klaers, gekry kan word; en
 - (b) speelgoed en, waar moontlik, ouderdomsgepaste items vir kinders beskikbaar is.
- (4) Die inligting in subregulasie (3)(a) bedoel, moet deur die funksionariesse verantwoordelik vir die verskillende aspekte, aan die hofbestuurder voorsien word.

Getuienisvertrek

9. 'n Getuienisvertrek in regulasie 4(b) bedoel, moet benewens die vereistes in artikel 170A(3)(a) tot (c) van die Strafproseswet bedoel—

- (a) bevorderlik tot die verrigtinge wees;
- (b) so uitgele wees dat dit die verhoging van die gehalte van die getuienis fasiliteer en die klaers en getuies op hulle gemak stel;
- (c) op 'n wyse gemeubileer wees wat nie 'n klaer of 'n getuie wat getuig se aandag sal aftrek nie; en
- (d) voldoende beligting hê sodat duidelike beelde aan die hof versend kan word.

Hofvoorbereidingsvertrek en konsultasiekamer

10. (1) Die hofvoorbereidingsvertrek in regulasie 4(c) bedoel en die konsultasiekamer in regulasie 4(d) bedoel moet—

- (a) op so 'n wyse ontwerp wees om privaatheid te bevorder;
- (b) nie vir die publiek, die aangeklaagde en enige persoon wat met die aangeklaagde geassosieer word, toeganklik wees nie;
- (c) ruim wees ten einde die klaer of 'n getuie en die persoonlike helper van 'n klaer of 'n getuie met 'n gestremdheid of 'n ouer persoon te akkommodeer;
- (d) op so 'n wyse gemeubileer wees om klaers en getuies te akkommodeer; en
- (e) moet op so 'n wyse gemeubileer wees dat 'n klaer of 'n getuie se aandag nie tydens 'n konsultasie met die hofvoorbereidingsbeampte, slagofferbystandsbeampte of aanklaer, afgelei word nie.

(2) Die hofvoorbereidingsvertrek in regulasie 4(c) na verwys moet sluitbare bergings fasiliteite hê om die hofvoorbereidingsbeampte se toestelle en toerusting te berg.

HOOFSTUK IV TOESTELLE EN TOERUSTING

Toestelle en toerusting vir getuienisvertrek

11. (1) 'n Getuienisvertrek in regulasie 4(b) bedoel, moet die toestelle en toerusting in artikels 158 en 170A(3)(c) van die Strafproseswet beoog hê, en moet ooreenkomstig die bepalinge van daardie artikel geïnstalleer word.

(2) Die toestelle en toerusting in subregulasie (1) bedoel, moet van sodanige gehalte wees dat dit die doeltreffende en effektiewe gee van getuienis deur klaers en getuies moontlik maak en om sekondêre traumatisering van sodanige klaers en getuies te vermy.

Toestelle en toerusting vir hofsaal

12. (1) 'n Hofsaal moet die toestelle en toerusting beoog in artikels 158 en 170A(3)(c) van die Strafproseswet beoog hê en moet geïnstalleer of opgestel word in ooreenstemming met die bepalings van daardie artikel.

(2) Die toestelle en toerusting in subregulasie (1) bedoel, moet van sodanige gehalte wees dat dit die doeltreffende en effektiewe gee van getuienis deur klaers en getuies moontlik maak, en om sekondêre traumatisering van hierdie persone vermy.

Bedryf en herstel van elektroniese toestelle in getuienisvertreke en hofsale

13. (1) Die hofbestuurder of 'n persoon deur hom of haar aangewys, moet elke dag, voor die aanvang van enige verrigtinge, nagaan dat die toestelle en toerusting in die getuienisvertrek en hofsaal na behore werk.

(2) Die hofbestuurder of 'n persoon deur hom of haar aangewys, moet, as ontdek word dat 'n toestel of toerusting in die getuienisvertrek of hofsaal nie na behore werk nie, onmiddellik die nodige stappe doen om die probleem te laat oplos.

(3) Enige hofbeampte moet, as dit ontdek word dat 'n toestel of toerusting in die getuienisvertrek of hofsaal nie na behore werk nie, die aangeleentheid onmiddellik skriftelik aan die hofbestuurder rapporteer.

(4) Die hofbestuurder moet, by ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subregulasie (3), onmiddellik die nodige stappe neem om die probleem te laat oplos.

(5) Wanneer 'n hofbestuurder ook al ontdek of 'n skriftelike verslag ontvang dat 'n toestel of toerusting in die getuienisvertrek of hofsaal nie na behore werk nie, moet hy of sy die tersaaklike Streekhofpresident of Regter-president, na gelang van die geval, onmiddellik dienoreenkomstig verwittig en inlig van die stappe gedoen om die probleem op te los.

(6) Die hofbestuurder moet, met inagneming van die aard van die probleem en die aard van die ingrypings wat benodig word om die probleem op te los, die tersaaklike Streekhofpresident of Regter-president, na gelang van die geval, gereeld skriftelik inlig van die vordering gemaak om die probleem op te los.

Anatomiese poppe

14. (1) Die hofbestuurder moet verseker dat daar ten minste een stel anatomiese poppe by die aangewese hof beskikbaar is vir gebruik deur die aanklaer en die tussenganger.

(2) 'n Stel anatomiese poppe bestaan uit—

- (a) 'n pop wat 'n manlike kind verteenwoordig;
- (b) 'n pop wat 'n vroulike kind verteenwoordig;
- (c) 'n pop wat 'n volwasse man verteenwoordig;
- (d) 'n pop wat 'n volwasse vrou verteenwoordig;
- (e) 'n pop wat 'n bejaarde man verteenwoordig; en
- (f) 'n pop wat 'n bejaarde vrou verteenwoordig.

(3) 'n Aanklaer en 'n tussenganger mag 'n anatomiese pop slegs gebruik ná opleiding in die gebruik van sodanige poppe ontvang is.

(4) Anatomiese poppe moet—

- (a) 'n replika van die eksterne menslike liggaam wees, met inbegrip van die geslagsorgane;
- (b) altyd geklee wees; en
- (c) toegesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

(5) Anatomiese poppe moet op so 'n wyse ontwerp wees en van 'n stof gemaak wees wat die klaer of die getuie in staat stel om die poppe te manipuleer sodat met die poppe gedemonstreer kan word wat aan die klaer gedoen is.

(6) Die klere van anatomiese poppe moet sodanig gemaak wees dat die klaer of die getuie dit maklik kan verwyder wanneer gedemonstreer word wat aan die klaer gedoen is.

HOOFSTUK V DIENSTE

Vereistes aangaande hofvoorbereidingsprogram

15. (1) Die hofvoorbereidingsprogram is die program ontwikkel deur die Nasionale Vervolgingsgesag, wat geakkrediteer is by die sektorale onderwys- en opleidingsgesag vir gesondheid en welsyn ingevolge die "National Qualifications Framework Act", 2008 (Wet No. 67 van 2008), en wat daarop gemik is om klaers en getuies in seksuele misdryfsake aan die hofomgewing gewoond te maak, sodat hulle gereed gemaak kan word om in die hof te getuig en om hulle by te staan en te ondersteun, in ooreenstemming met die standaardbedryfsprosedures vir hofvoorbereidingsbeamptes.

(2) (a) 'n Hofvoorbereidingsprogram moet operasioneel by 'n aangewese hof wees.

(b) Die persone betrokke by die regsproses moet van die hofvoorbereidingsprogram bewus gemaak word.

(3) 'n Hofvoorbereidingsprogram moet deur 'n hofvoorbereidingsbeampte of 'n slagofferbystandsbeampte, op 'n heeltydse of deeltydse grondslag by 'n aangewese hof beskikbaar, gedoen word volgens die goedgekeurde Nasionale Vervolgingsbeleid en -model.

(4) 'n Hofvoorbereidingsbeampte of 'n slagofferbystandsbeampte mag nie 'n hofvoorbereidingsprogram doen nie, tensy hy of sy opleiding in die hofvoorbereidingsprogram ontvang het.

(5) 'n Hofvoorbereidingsbeampte of 'n slagofferbystandsbeampte mag nie—
(a) die meriete van die saak met die klaer bespreek tydens die doen van 'n hofvoorbereidingsprogram of terwyl die klaer bygestaan word nie;
(b) die klaer voorsê wat hy of sy in die hof moet sê nie; en
(c) toegang tot die dossier kry nie.

(6) Behoudens subregulasie (7), moet 'n hofvoorbereidingsprogram gedoen word met 'n klaer wat in 'n aangewese hof moet getuie is lewer.

(7) Die aanklaer kan, as hy of sy dit in die omstandighede gepas ag, wegdoen met die vereiste in subregulasie (6) voor voorsiening gemaak.

(8) Die behoeftes van 'n klaer moet deur die hofvoorbereidingsbeampte of die slagofferbystandsbeampte, nadat die hofvoorbereidingsprogram gedoen is, geïdentifiseer word en hy of sy moet skriftelik, sonder oponthoud, die—

(a) tersaaklike aanklaer en, indien nodig, die senior staatsaanklaer;
(b) tussenganger, indien van toepassing; en
(c) hofbestuurder, indien sy of haar ingryping nodig is,
van sodanige behoeftes verwittig ten einde te verseker dat sover moontlik aan hierdie behoeftes voldoen word.

(9) 'n Tolk moet beskikbaar wees om die hofvoorbereidingsbeampte of slagofferbystandsbeampte tydens 'n hofvoorbereidingsprogram by te staan, indien nodig.

(10) 'n Aanklaer moet klaers na die hofvoorbereidingsbeampte, slagofferbystandsbeampte, of die senior staatsaanklaer verwys voordat hulle in die hof getuie is lewer om te verseker dat die volgende reëlings getref word:

(a) Bystand vir die klaer in die taal van sy of haar keuse; en
(b) redelike akkommodasie van die behoeftes van klaers met gestremdhede wanneer hulle by die hof aankom.

(11) Die hofvoorbereidingsbeampte of slagofferbystandsbeampte moet die verwysing van 'n klaer na 'n gepaste professionele diensverskaffer fasiliteer vir 'n kontinuum van versorging, indien die klaer sodanige diens benodig.

Personeel en regterlike trauma-ontlonting

16. (1) Trauma-ontlonting moet beskikbaar wees vir—
- (a) regterlike beamptes;
 - (b) aanklaers;
 - (c) hofvoorbereidingsbeamptes;
 - (d) slagofferbystandsbeamptes;
 - (e) hofpersoneel deur die Staat aangestel, anders as die persone in paragraaf (a) – (d) na verwys,
- wat betrokke is in die vervolging of verbandhoudende aktiwiteite van seksuele misdryfsake.
- (2) Die trauma-ontlonting in subregulasie (1) bedoel, moet—
- (a) gelewer word wanneer die persone in hierdie subregulasies bedoel, dit benodig; en
 - (b) relevant wees ten einde te verseker dat dit werk.

Tolkdienste

17. (1) 'n Tolk moet, benewens sy of haar hoof funksies, beskikbaar wees om bystand te lewer—
- (a) tydens 'n hofvoorbereidingsprogram;
 - (b) tydens 'n konsultasie deur die aanklaer met 'n klaer; en
 - (c) 'n klaer wat ongeletterd is, indien aldus vereis.
- (2) Die hoof of senior tolk moet, so ver as moontlik, tolke met ondervinding, in die permanente diens van die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling toeken om in seksuele misdryfsake te tolk.
- (3) Die hoof of senior tolk moet verseker dat daar 'n poel van tolke is in uitheemse tale en gebare taal, beskikbaar vir aanstelling op 'n *ad hoc* basis, as tolke in seksuele misdryfsake.

Tussengangersdienste vir getuies

18. (1) Die senior beampte wat die tussengangers se hoof is, moet verseker dat daar 'n poel van tussengangers beskikbaar is wat as tussengangers in seksuele misdryfsake by 'n aangewese hof aangestel kan word.
- (2) Die senior beampte in subregulasie (1) bedoel, moet die nodige stappe doen om tussengangers te werf om op 'n *ad hoc*-grondslag aangestel te word, indien daar nie genoeg tussengangers by daardie hof aangestel is nie.
- (3) Die senior beampte in subregulasie (1) bedoel, moet 'n databasis byhou van tussengangers wat beskikbaar is om tussengangersdienste op 'n *ad hoc*-grondslag te voorsien.
- (4) 'n Tussenganger moet let op die beperkings en kapasiteit van 'n klaer of 'n getuie wat getuig, met inagneming van sy of haar vorm van kwesbaarheid, ouderdom, fisieke en verstandelike toestand en vlak van ontwikkeling.
- (5) 'n Tussenganger moet die hof om 'n reses vra indien dit vir hom of haar voorkom dat 'n klaer of 'n getuie wat getuig, moeg is of onder stres verkeer.
- (6) 'n Tussenganger moet verseker dat die onmiddellike behoeftes van 'n klaer of 'n getuie wat getuie is gee, aan voldoen word.

(7) 'n Tussenganger moet, voordat 'n klaer of 'n getuie getuig, die nodige stappe doen om 'n rapport met die klaer of die getuie te vorm.

(8) 'n Tussenganger moet, tydens hofverrigtinge, die hof inlig oor—

(a) enige veranderinge in die fisieke, emosionele of verstandelike gedrag van 'n klaer of 'n getuie; en

(b) enige kommunikasieprobleem met 'n klaer of 'n getuie, wat die hofverrigtinge kan beïnvloed.

(9) Die tussenganger moet, ná die klaer getuig het, die hofvoorbereidingsbeampte of die slagofferbystandsbeampte inlig van die uitwerking wat die gee van getuienis op die klaer gehad het.

Dienste deur hofondersteuners gelewer

19. (1) 'n Hofondersteuner, indien beskikbaar, kan—

(a) klaers en getuies na en van enige van die fasiliteite in regulasie 4 bedoel, die hofsaal en die kleedkamers wat hulle moet gebruik, vergesel;

(b) klaers in regulasie 7(1)(b) bedoel, na die aangewese area vergesel;

(c) ondersteuning aan klaers en getuies voorsien tydens die verrigtinge in die hof indien 'n klaer of getuie dit verlang;

(d) klaers en getuies na die regte instellings verwys vir professionele dienste; en

(e) klaers en getuies help om getuiegelde te kry.

(2) 'n Hofondersteuner kan slegs 'n hofvoorbereidingsprogram doen as hy of sy skriftelik deur die gesag verantwoordelik vir die hofvoorbereidingsprogram, gemagtig is om dit te doen. Met dien verstande dat 'n hofondersteuner nie 'n hofondersteuningsdiens bedoel in subregulasie (1) mag lewer en 'n hofvoorbereidingsprogram mag doen ten opsigte van dieselfde klaer of getuie nie.

(3) 'n Hofondersteuner mag nie—

(a) die meriete van die saak met die klaer of getuies bespreek terwyl hy of sy die klaer en getuies bystaan nie;

(b) die klaer of getuie voorsê wat hy of sy in die hof moet sê nie; en

(c) toegang tot die dossier, of enige vertroulike staatsdokumente hê nie.

(4) 'n Hofondersteuner mag geen diens ingevolge hierdie Regulasies lewer tensy hy of sy opleiding aangaande sodanige dienste van 'n organisasie sonder winsoogmerk of enige staatsdepartement ontvang het nie.

HOOFSTUK VI SPESIALE MAATREËLS VIR VERHORE

Gebaretaaltolke

20. By die aanwysing of aanstelling van 'n gebaretaaltolk, moet die fisieke uitputting wat hy of sy kan ervaar terwyl hy of sy tolk, behoorlik in ag geneem word.

Regshulp-praktisyns

21. (1) 'n Aangewese hof moet verseker dat die beskuldigde wat aangekla word van 'n seksuele misdryf, die geleentheid gebied word om, so gou as moontlik, aansoek te doen vir regshulp ingevolge die 'Legal Aid South Africa Act'.

(2) 'n Aansoek beoog in subregulasie (1) moet so gou as moontlik geevalueer word en moet voorkeur geniet waar sodanige aansoek verband hou met 'n saak waarin kinders betrokke is.

Afhandeling van seksuelemisdryfsake

22. 'n Aangewese hof moet verseker dat seksuelemisdryfsake spoedig afgehandel word en dat verdragings so ver as moontlik vermy word.

Klagtemeganismes vir getuies

23. (1) Toeganklike klagtemeganismes moet by 'n aangewese hof beskikbaar wees ingevolge waarvan klagtes van klaers of getuies in seksuelemisdryfsake ontvang kan word.

(2) Die klagtemeganisme na verwys in subregulasie (1) moet by die aangewese hof deur die hofbestuurder op enige wyse wat hy of sy goedgevind, bekend gemaak word.

(3) 'n Beampte of 'n hofbeampte wat 'n klagte van 'n klaer of 'n getuie ontvang, moet—

- (a) die klaer of die getuie na die regte persoon of instelling verwys wat met die klagte sal handel ingevolge die gedragskode waaraan die persoon teen wie die klagte gemaak is, onderhewig is; en
- (b) die klaer of die getuie voorsien van die nodige kontakbesonderhede van die persoon of instelling bedoel in paragraaf (a).

(4) Die persoon of die instelling na verwys in subregulasie (3)(a) moet die klaer of die getuie wat die klagte ingedien het, skriftelik—

- (a) gereeld inlig oor die status van die klagte; en
- (b) inlig oor die uitslag van die klagte.

Vervoer van aangeklaagdes na aangewese hof

24. 'n Beampte wat verantwoordelik is vir die vervoer van 'n persoon aangekla van 'n seksuele misdryf na 'n aangewese hof moet—

- (a) die identiteit nagaan van die persoon wat vervoer moet word, voordat hulle die perseel van die korrektiewe fasiliteit, kinder- en jeugsorgsentrum of polisiehoofkwartier verlaat;
- (b) verseker dat die persoon betyds vervoer word vir die doeleindes van die verrigtinge by die aangewese hof; en
- (c) waar van toepassing, verseker dat die aangeklaagde apart van 'n klaer en 'n getuie vervoer word.

Wyse van hantering van klaers en getuies

- 25.** Hofbeamptes moet tydens hofverrigtinge, by interaksie met 'n klaer of 'n getuie—
- (a) maklike woordeskat gebruik en tegniese terme vermy;
 - (b) 'n klaer of getuie inlig of enige konsep of vraag verduidelik, op 'n wyse wat gepas is vir sy of haar vorm van kwesbaarheid, ouderdom, volwassenheid en stadium van ontwikkeling indien die klaer of die getuie 'n kind is, of 'n persoon se verstandelike gestremdheid;
 - (c) genoeg besonderhede verstrek sodat 'n klaer of 'n getuie die inligting wat aan hom of haar oorgedra word, verstaan;
 - (d) genoeg tyd toelaat sodat 'n klaer of 'n getuie die inligting wat aan hom of haar oorgedra is, kan inneem;
 - (e) reaksies uit 'n klaer of 'n getuie kry deur vrae te vra ten einde vas te stel of hy of sy die inligting wat aan hom of haar oorgedra is, verstaan;
 - (f) verseker dat die atmosfeer bevorderlik is vir deelname deur 'n klaer of 'n getuie; en

- (g) sensitief wees vir die behoeftes van 'n klaer of 'n getuie en die feit dat hy of sy deurmekaar mag wees of angstig of geïntimideer mag voel.

HOOFSTUK VII DIVERSE

Sitting van aangewese hof op deeltydse grondslag

26. Waar die saaklading van 'n aangewese hof nie vereis dat die hof daagliks sit nie, moet die tersaaklike Streekhofpresident of Regter-president, na gelang van die geval—

(a) bepaal hoe gereeld of op watter dae daardie hof moet sit; en

(b) verseker dat seksuelemisdryfsake betyds aangehoor word, in ooreenstemming met artikel 8(4)(b) van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013).

Kort titel

27. Hierdie Regulasies heet die Regulasies betreffende Howe vir Seksuele Misdrywe, 2020.

DEPARTMENT OF LABOUR

NO. R. 109

07 FEBRUARY 2020


LABOUR RELATIONS ACT, 1995**CORRECTION NOTICE****BARGAINING COUNCIL FOR THE CIVIL ENGINEERING INDUSTRY (BCCEI):
EXTENSION OF DISPUTE RESOLUTION AMENDING COLLECTIVE
AGREEMENT TO NON-PARTIES**

The following correction to Government Notice No. R. 1415 appearing in *Government Gazette* No. 42813 of 1 November 2019 is hereby published for general information:

1. Please replace the published Notices and Schedule on pages 35, 36, 37 and 38 of the gazette with the following attached signed Notices and Schedule.

LABOUR RELATIONS ACT, 1995**BARGAINING COUNCIL FOR THE CIVIL ENGINEERING INDUSTRY (BCCEI):
EXTENSION OF DISPUTE RESOLUTION AMENDING COLLECTIVE AGREEMENT
TO NON-PARTIES**

I, **THEMBELANI WALTERMADE NXESI**, Minister of Labour, hereby in terms of section 32(2) of the Labour Relations Act, 1995, declare that the Collective Agreement which appears in the Schedule hereto, which was concluded in the **Bargaining Council Civil Engineering Industry** and is binding in terms of section 31 of the Labour Relations Act, 1995, on the parties which concluded the Dispute Resolution Agreement, shall be binding on the other employers and employees in that Industry, with effect from the second Monday after date of publication of this notice and for the period ending 31 August 2023.

**MR TW NXESI, MP****MINISTER OF EMPLOYMENT AND LABOUR**

DATE: 27/01/2020

UMYANGO WEZEMISEBENZI NEZABASEBENZI


R.

USUKU:

UMTHETHO WOBUDLELWANO KWEZABASEBENZI KA - 1995

**UMKHANDLU KAZWELONKE WOKUXOXISANA PHAKATHI KWABAQASHI
NABASEBENZI BEMBONI YEZIKHUMBA: UKWELULELWA KWESIVUMELWANO
SABAQASHI NABASEBENZI BESIGABA KWEZIKHUMBA SELULELWA KULABO
ABANGEYONA INGXEYENYE YESIVUMELWANO**

Mina, **THEMBELANI WALTERMADE NXESI**, onguNgqongqoshe Wezabasebenzi nezabasenzenzi, ngokwesigaba 32(2) soMthetho Wobudlelwano Kwezabasebenzi, ka-1995, ngazisa ukuthi isiVumelwano sabaqashi nabasebenzi esitholakala kuSheduli yesiNgisi exhanywe lapha, esenziwa umkhandlu Wokuxoxisana phakathi Kwabaqashi Nabasebenzi Embonini Yonjiniyela Bezokwakhiwa Kwemigwaqo Namabhuloho, futhi ngokwesigaba 31 somthetho wobudlelwano kwezabasebenzi ka-1995 esibopha labo abasenzayo, sizobopha bonke abanye abaqashi nabasebenzi kuleyomboni, kusukela ngomSombuluko wesibili emva kokushicilelwa kwalesisaziso kuze kube mhlaka 31 kuNcwaba 2023.

**MNUMZANE TW NXESI, MP****UNGQONGQOSHE WEZEMISEBENZI NEZABASEBENZI**

USUKU: ...27/01/2020...

SCHEDULE

BARGAINING COUNCIL FOR THE CIVIL ENGINEERING INDUSTRY

DISPUTE RESOLUTION COLLECTIVE AGREEMENT

In accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1995, made and entered into by and between the-

Employers' Organisation

Consolidated Employers Organisation (CEO)

South African Forum of Civil Engineering Contractors (SAFCEC)

(Hereinafter referred to as the "employer" or the "employers' organisations")

of the one party and the-

Trade Unions

Building, Construction and Allied Workers Union (BCAWU)

National Union of Mineworkers (NUM)

(Hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions") of the other

part, being the parties to the Bargaining Council for the Civil Engineering

Industry), to publish the Dispute Resolution Collective Agreement

APPLICATION AND INTERPRETATION OF AGREEMENT

1. Application of the agreement

1.1 This agreement binds:

- (a) All employees in the Civil Engineering industry that are members of the employers' organisations that are party to this agreement; and
- (b) All employees in the bargaining unit, employed in the Civil Engineering industry who are members of the trade unions that are party to this agreement.

1.2 This Agreement must be applied in the jurisdiction of Bargaining Council for the Civil Engineering Industry throughout the Republic of South Africa.

1.3 Except as otherwise provided for in this Agreement, the BCCEI established a Committee to deal with applications for exemption from the provisions of the BCCEI's Collective Agreements.


1.4 This agreement applies to learners, only insofar as it is not inconsistent with the Skills Development Act, 1998.

2. Period of operation of agreement: -

2.1 This agreement becomes binding on the employers and employees – refer to sub-clause (1.1), once it is extended by the Honourable Minister of Labour, in terms of Section 32 of the Act 66 of 1995, from a date determined by the Minister of Labour;

2.2 This agreement becomes binding on the employers and employees referred to in sub-clause 1.1 to 1.4 once it is extended to non-parties by the Honourable Minister of Labour and shall remain in force until 31 August 2023.

SIGNED AT BEFOREVIEW, for and on behalf of the parties, this day of 15/08/ 2019



Chairman of the BCCEI


Vice-Chairman of the BCCEI


General Secretary of the BCCEI

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 2 (NO. 2/1/388)**

In terms of section 56 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 2 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.


DR DAVID MASONDO
DEPUTY MINISTER OF FINANCE

SCHEDULE

By the insertion of the following:

Item	Tariff Heading	Code	CD	Description	Rebate Items	Imported from or Originating in	Rate of Anti-dumping duty
213.03	7005.29.23	04.08	86	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but otherwise not worked, of a thickness exceeding 3 mm but not exceeding 4 mm (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Saudi Arabia	23,9%
213.03	7005.29.23	05.08	80	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but otherwise not worked, of a thickness exceeding 3 mm but not exceeding 4 mm (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	United Arab Emirates	16,8%
213.03	7005.29.23	06.08	85	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but otherwise not worked, of a thickness exceeding 3 mm but not exceeding 4 mm, produced by Guardian Zoujaj (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	United Arab Emirates	16,8%
213.03	7005.29.25	03.08	87	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but otherwise not worked, of a thickness exceeding 4 mm but not exceeding 5 mm (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Saudi Arabia	23,9%
213.03	7005.29.25	04.08	81	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but otherwise not worked, of a thickness exceeding 4 mm but not exceeding 5 mm (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	United Arab Emirates	16,8%
213.03	7005.29.25	05.08	86	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but otherwise not worked, of a thickness exceeding 4 mm but not exceeding 5 mm, produced by Guardian Zoujaj (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	United Arab Emirates	16,8%
213.03	7005.29.35	04.08	83	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but not otherwise worked, of a thickness exceeding 5 mm but not exceeding 6 mm (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Saudi Arabia	23,9%
213.03	7005.29.35	05.08	88	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but not otherwise worked, of a thickness exceeding 5 mm but not exceeding 6 mm (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	United Arab Emirates	16,8%

NO. R. 110

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

07 FEBRUARY 2020

STAATSKOERANT, 7 FEBRUARIE 2020


No. 43000 73

By the insertion of the following:

Item	Tariff Heading	Code	CD	Description	Rebate Items	Imported from or Originating in	Rate of Anti-dumping duty
213.03	7005.29.35	06.08	82	Float glass and surface ground or polished glass, in sheets, whether or not having an absorbent, reflecting or non-reflecting layer, but not otherwise worked, of a thickness exceeding 5 mm but not exceeding 6 mm, produced by Guardian Zoujaj (excluding solar glass and optical glass)	301.00-399.00; 401.00-499.00	United Arab Emirates	16,8%

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN BYLAE NO. 2 (NO. 2/1/388)**

Kragtens artikel 56 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 2 by bogenoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hierby aangetoon.


DR DAVID MASONDO
ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES

BYLAE

Deur die invoeging van die volgende:

Item	Tariefpos	Kode	TS	Beskrywing	Kortingitems	Ingevoer vanaf of Oorspronklik van	Skaal van Anti-dumpingreg
213.03	7005.29.23	04.08	86	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 3 mm maar hoogstens 4 mm (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Saudi Arabië	23,9%
213.03	7005.29.23	05.08	80	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 3 mm maar hoogstens 4 mm (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Verenigde Arabiese Republiek	16,8%
213.03	7005.29.23	06.08	85	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 3 mm maar hoogstens 4 mm, vervaardig deur Guardian Zoujaj (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Verenigde Arabiese Republiek	16,8%
213.03	7005.29.25	03.08	87	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 4 mm maar hoogstens 5 mm (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Saudi Arabië	23,9%
213.03	7005.29.25	04.08	81	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 4 mm maar hoogstens 5 mm (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Verenigde Arabiese Republiek	16,8%
213.03	7005.29.25	05.08	86	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 4 mm maar hoogstens 5 mm, vervaardig deur Guardian Zoujaj (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Verenigde Arabiese Republiek	16,8%
213.03	7005.29.35	04.08	83	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 5 mm maar hoogstens 6 mm (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Saudi Arabië	23,9%

NO. R. 110

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

07 FEBRUARIE 2020

STAATSKOERANT, 7 FEBRUARIE 2020

No. 43000 75

Deur die invoeging van die volgende:

Item	Tariefpos	Kode	TS	Beskrywing	Kortingitems	Ingevoer vanaf of Oorspronklik van	Skaal van Anti-dumpingreg
213.03	7005.29.35	05.08	88	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 5 mm maar hoogstens 6 mm (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Verenigde Arabiese Republiek	16,8%
213.03	7005.29.35	06.08	82	Afstrykglas en glas met die oppervlak geslyp of gepoleer, in velle, hetsy met 'n absorberende, weerkaatsende of nie-weerkaatsende laag al dan nie, maar nie andersins bewerk nie, met 'n dikte van meer as 5 mm maar hoogstens 6 mm, vervaardig deur Guardian Zoujaj (uitgesonderd son glas en optiese glas)	301.00-399.00; 401.00-499.00	Verenigde Arabiese Republiek	16,8%